


BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY



OF SOUTH WEST AFRICA

UITGawe OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c

Maandag 28 April 1980

WINDHOEK

Monday 28 April 1980

No. 4129

INHOUD:

GOEWERMENSKENNISGEWING:

No. AG. 35 Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952: Loonraadonderzoek Hotel-en Drankbedryf

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

Page

No. AG. 35 Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952: Wage Board Investigation Hotel and Liquor Trade

CONTENTS:

Goewermentskennisgewing

Government Notice

KANTOOR VAN DIE
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 35 1980

ORDONNANSIE OP LONE EN NYWERHEIDS-
VERSOENING, 1952
LOONRAADONDERSOEK
HOTEL- EN DRANKBEDRYF

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bovemelde Bedryf ontvang en gee hierby kragtens artikel 11 van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 kennis dat die ondersoek begin het en dat die Raad te gelegener tyd 'n verslag en 'n aanbeveling by die Administrateur-generaal sal indien oor die Hotel- en Drankbedryf in die gebied Suidwes-Afrika, soos in die opdrag omskryf.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoe tot die Raad te rig. Sodanige vertoe, saam met drie afskrifte daarvan moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak X13200, Windhoek, 9000 nie later as 30 dae vanaf die datum van hierdie kennisgewing bereik.

Die opdrag lui soos volg:

Die Administrateur-generaal versoek die Loonraad kragtens artikel 4(1) van die Ordonnansie op Lone en

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 35

WAGE AND INDUSTRIAL CONCILIATION
ORDINANCE, 1952
WAGE BOARD INVESTIGATION
HOTEL AND LIQUOR TRADE

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Trade and hereby gives notice in terms of section 11 of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 that the investigation has commenced and that the Board will in due course submit a report and recommendation to the Administrator-General concerning the Hotel and Liquor Trade for the territory of South West Africa as defined in the reference.

Interested persons are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by three copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag X13200, Windhoek, 9000, not later than 30 days from the date of this notice.

The reference reads as follows:

The Administrator-General requests the Wage Board in terms of section 4(1) of the Wage and Industrial Con-

Nywerheidsversoening, 1952, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Hotel- en Drankbedryf in die volgende gebied:

Die gebied Suidwes-Afrika met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel waarna in artikel 3 van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet 55 van 1951) verwys word en die gebied wat bekend staan as die "Rehoboth Gebiet" wat in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 omskryf word.

Vir die doel van hierdie ondersoek gee die Administrateur-generaal opdrag dat die ondersoek ingestel word ten opsigte van alle klasse werknemers in hierdie bedryf maar dat die Loonraad, waar doenlik, mag aanbeveel dat 'n bepaalde klas werknemers uitgesluit moet word, met dien verstande egter dat nie op grond van ras of kleur onderskei word nie.

Kragtens artikel 7 van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening gee die Administrateur-generaal voorts aan die Raad opdrag om 'n aanbeveling aan hom voor te lê.

In hierdie opdrag beteken —

"Hotel- en Drankbedryf" die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om, hetsy tydelik of permanent, sake te doen op persele waar drank verkoop word en in verband waarmee een of meer van die volgende lisensies ingevolge die Drankordonnansie No. 2 van 1969 gehou moet word:

- (a) Buiteverbruiklisensie vir huisvestingsinrigtings
- (b) Binneverbruiklisensie vir huisvestingsinrigtings

en omvat ook alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit maar omvat nie die bedryf nie wat uitgeoefen word in 'n restaurant, verversings- of teekamer waar van die houer vereis word om 'n restaurantlisensie kragtens die Drankordonnansie te hou nie.

Verder word bekend gemaak dat vraelyste kragtens artikel 12 van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 aan werkgewers gestuur is om in te vul. Werkgewers wat nie vraelyste binne 14 dae na die datum van hierdie kennisgewing ontvang nie moet asseblief die Sekretaris van die Loonraad onverwyld daarvan in kennis stel.

ciliation Ordinance, 1952 to investigate and report to him concerning the Hotel and Liquor Trade in the following area:

The territory of South West Africa including the Eastern Caprivi Zipfel, as referred to in section 3 of the South West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act 55 of 1951) and the area known as the "Rehoboth Gebiet" defined in the First Schedule of Proclamation No. 28 of 1923.

For the purpose of this investigation the Administrator-General directs that the investigation be in respect of all classes of employees in this Trade but where feasible the Board may recommend that a particular class of employee be excluded, provided however, that no differentiation be made on the grounds of race or colour.

In terms of section 7 of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 the Administrator-General further directs the Board to submit to him a recommendation.

In this reference —

The "Hotel and Liquor Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purpose, either temporary or permanent, of conducting a trade on premises where liquor is sold and in respect of which one or more of the following licences in terms of the Liquor Ordinance No. 2 of 1969 is to be held:

- (a) Accommodation establishment off-sales licence
- (b) Accommodation establishment on consumption

licence and includes also all activities which is related or associated with any of the before-mentioned activities but does not include the trade conducted in a restaurant, refreshment- or tea-room where the holder is required to obtain a restaurant liquor licence in terms of the Liquor Ordinance.

It is further notified that in terms of section 12 of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 questionnaires have been forwarded to employers for completion. Employers who do not receive these questionnaires within 14 days after the date of this notice should please notify the Secretary of the Wage Board.